Nuusbrief - Noordelike Sinode

verskil

Ek wil asb **inteken op Verskil** / **Kanselleer asb my intekening** op Verskil

- **Kontak ons by** tel 012-440 6525; e-pos: hermien@noordsin.co.za of kom **besoek ons by** Sinodehuis, Steve Bikostraat 125 (B), Sunnyside.
- **Noordelike Sinode se facebook** (http://www.facebook.com/noordsin) en **twitter** (http://www.twitter.com/noordsin)
- **Kampterreine:**
  - **Badseloop**: *Vir besprekings, kontak **Francois Genis**, 071 777 9302, epos badseloopjeugkamp@gmail.com*
  - **Emmarentia Geldenhuys (AcaDeo)**: *nuwe webwerf:* www.egst.co.za
  - **Magaliesberg: *Willem Rautenbach*** *- 0717916039 of magaliesbergjeugkamp@gmail.com of Facebook by https://www.facebook.com/magaliesbergjeugkamp/*

26 April 2018
Nr 13/2018

Sinodale nuus

Sinodehuis

Neem asb kennis dat die Sinodehuis gesluit sal wees eerskomende Maandag, ***30 April 2018*** [skoolvakansiedag] asook op Donderdag, ***10 Mei 2018*** [Hemelvaart].

Bybel-lees met 'n verskil

Neem asseblief kennis dat daar nie volgende Dinsdag, 1 Mei 2018 'n byeenkom is nie.
Die **volgende byeenkoms** vind op **8 Mei 2018** om 11:00 by **Blue Crane Restaurant** plaas.
Skriflesing: Psalm 1
Navrae: Fanie Cronje (083 415 1452) en Kobus Myburgh (083 227 7185)

Kolleganuus

Innige simpatie

Sonet Dippenaar [Raslouw] se pa is oorlede.

Hospitaal

Wimpie Jordt, [Koedoesrand] se vrou Ronell het 'n voetoperasie ondergaan.

Verjaarsdagwense

Hartlik geluk aan die volgende persone met die herdenking van hul geboortedag:

21/04 Riaan Odendaal [Waterberg, 082 497 1891, riaan.odendaal@telkomsa.net]
27/04 Tienie de Bruyn [Montana, 082 925 5671, tieniedeb@gmail.com]
30/04 Marian Jordaan [Pietersburg-Noord, 078 877 8637, marianjordaan2@gmail.com]
Nico Coetzee [Emeritus, 076 091 1258, nicojcoetzee@gmail.com]
André Smuts [Emeritus, 072 148 6718, sasmuts@gmail.com]

01/05 Enslin van Velden [Bergtuin, 083 955 7327, enslin.vanvelden@gmail.com]
02/05 Nico Steenberg [Emeritus, 076 879 0176]
03/05 Danie Ferreira [Pretoria-Tuine, 083 218 5758, daniemferreira@gmail.com]
Kokkie Kok [Emeritus, 082 576 6581, kokkie@warmbad.co.za]
05/05 Wessel Rautenbach [Emeritus, 076 649 0666]

27/04 Michelle J van Rensburg [Kerk-in-Suid, 072 735 8811, dsjoe@ngwps.co.za]
30/04 Jeanne Marie Carstens [Overkruin, 012-567 0707, heinrich.carstens@icloud.com]
04/05 Marthenel van den Heever [Rooihuiskraal, 082 468 3678, simvdh@vodamail.co.za]

Gemeente nuus

❖ **Verjaarsdae: Baie geluk!**
Pietersburg [Gestig: 30/04/1852]

❖ **Onderstepoort: Winter-mark**
Datum: ***5 Mei 2018*** [08:00-15:00]
Adres: Eeufeesstraat 377, Pretoria-Noord [25.668ºS, 28.170ºE]
Navrae: Tel 012-546 6046 (09:00-13:00)

❖ **Riviera-Jakaranda: Verblyf beskikbaar**
Bekostigbare woonstelle te huur by **Villa Rose Aftree-oord** te Rosestraat 171.
Eenslaapkamer eenhede met oopplan sitkamer, eetkamer, kombuis met balkon en onderdag parkering.
Kontak persone: Susan Cawthorn 082 779 5711 of Paul Hendriksz 082 878 1197.

Ander nuus

❖ **Mosambiek sending: Jaarlikse vergadering - Novo Vennootskap**
Datum: Dinsdag, ***8 Mei 2018*** om 09:00
Waar: Skuilkrans Gemeente
Uitnodiging:
- Gemeentes wat in Mosambiek betrokke is word uitgenooi om verteenwoordigers te stuur na die jaarlikse vergadering van die Novo Vennootskap. Kerkleiers van die IRM bring ons op hoogte van die situasie in Mosambiek en fokus in besonder op die werk van die Igrecia de Reformada em Moçambique, Novo Sinode.
- Hierdie is 'n besondere geleentheid om bande te smee met leraars van die IRM en kontak te maak met ander gemeentes wat ook in Mosambiek werk.
- Nooi gerus almal waarvan julle bewus is wat in Mosambiek betrokke is uit na die byeenkoms.

Bevestig asb so spoedig moontlik wie die vergadering sal bywoon aangesien ons kollegas uit Mosambiek heelwat reëlings moet tref vir hulle koms na SA.
Navrae: Carl Louwrens [Sameroeper], sel 07829237452 / tel 0137355424 / e-pos crl@telkomsa.net

❖ **Oostelike Sinode bied aan: Herfskonferensie vir die vroue**
Datum en plek: Saterdag, ***19 Mei 2018*** by Skuilkrans plaas.
Spreker: Michiel van der Merwe
Tema: "*Waag dit om te Lewe*"
Program: Lees hier meer oor die spreker asook die program van die dag.
Toegang: R100
Besprekings/navrae: Tersia Petzer, tel 012 804 9543 / ontvangs@sinoos.co.za
RSVP asseblief vóór of op *11 Mei 2018*

❖ **Nuusbriewe**
- **Bybel-Media nuus** [Besoek www.bybelmedia.org.za]
  Die fokus is dié week op die Kerkbode-uitgawe van 20 April en 2 nuwe publikasies in ons e-boekwinkel. [Lees hier verder...]

- **CLF-nuus:**

Seisoene van Menswaardigheid pamfletreeks

In die Suid-Afrikaanse samelewing is daar verskeie individue en sosiale groeperings wat nie menswaardig behandel word nie. Daarom het Christelike Lektuurfonds hande gevat met die Seisoen van Menswaardigheid om 'n pamfletreeks te ontwikkel wat gemeentes en individue bemagtig om agente van verandering in hul gemeenskap te wees. [Lees hier verder...]

Pinksterpreke 2018

Die preke vir Pinkster (10–20 Mei 2018) is gereed om afgelaai te word vanaf CLF se webtuiste, onder 'Downloads'.
https://www.clf.co.za/downloads/week-of-prayer-pentecost
Kontak CLF by +2721 873 6964, epos info@clf.co.za of besoek ons webwerf www.clf.co.za.

Gebedslys

Hiermee ***'n vriendelike uitnodiging aan ons lesers*** *om enige* ***sake vir voorbidding*** *aan ons te stuur by hermien@noordsin.co.za.*

- Ons land [Vryheidsdag 27 April 2018]
- Meer werksgeleenthede in ons land Werkersdag [1 Mei 2018]
- Dankie vir goeie reën

Vakatures, aflosposte en aflos-aanbiedinge

❖ **Montana: Vakature – Vaste Termynpos vir Leraar (3 Jaar)**

Alle gelegitimeerdes van die NG Kerk tussen die ouderdom 30 tot 40 jaar word genooi om aansoek te doen. **Gemeenteprofiel**: Die Gemeente Montana is 'n voorstedelike gemeente in die noorde van Pretoria en deel van die Noordelike Sinode van die NG Kerk. Daar is tans ongeveer 4000 lidmate in die gemeente waarvan 1083 tussen die ouderdom van 25 en 50 jaar is. [Lees hier verder…]

❖ **UP Fakulteit Teologie: Gelegitimeerde proponente 2017**

- ❖ ***Jeanri Bezuidenhout*** [074 893 2836, jeanri.bez@gmail.com]
- ❖ ***Camille Castelyn*** [079 506 5117, camillecastelyn@gmail.com]
- ❖ ***Willie Griesel*** [083 491 0657, wjgriesel@gmail.com]
- ❖ ***Henk Kotzé*** [083 479 9411, hskotze@yahoo.com]
- ❖ ***Werner Smal*** [079 883 2729, wernersmal777@gmail.com]

❖ **Ander gelegitimeerdes wat beskikbaar is om eredienste te lei**

Gerhard Bothma *[082 412 3479, gerhard@drgerhardbothma.co.za]*

❖ **Vakatures in Kerkbode geadverteer**

Besoek: *http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/*

BYLAES

BYBEL-MEDIA NUUS
Nuusbrief 7 / 2018

Lees in die Kerkbode van 20 April ...

..... lees en kyk foto's van die onlangse #imagine-feeste by Bredasdorp, Jeffreysbaai, Bothaville en Bela-bela. Daar is nuus oor die Andrew-Murray-, Cordis Trust en ander pryse. Twee jong dominees vertel van positiewe belewenisse wat hulle onlangs gehad het.
Ds Nelis Janse van Rensburg skryf oor die kerk en evangelisasie, Henco van der Westhuizen oor hoe Luther se denke oor hoe 'n mens God leer ken, en dr Frits Gaum oor artikel in die Nederlandse Geloofsbelydenis.
Daar is nuus uit die Wes-Kaap oor hoe die kerk op rampe moet reageer, oor die kerk en diskriminasie teen vroue, en oor hulpmiddels vir gesprekke oor seksualiteit.
Lees ook in die kunsrubriek oor 'n skildery van Christus in die agterbuurt.

Jongste Bybelkor-publikasies

Gee-vreugde ... Dave Viljoen (predikant: NG gemeente Kenridge).
Ontdek die waarde van ligter leef
Stefanus was vol van die Heilige Gees. Hy was selfloos en hy was vreesloos. Hy was leeg van homself en hy was vol van Jesus. Ons kan dieselfde oor Paulus sê.

Deur met verloop van agt weke saam met Stefanus en Paulus te reis, raak ons bewus van 'n paar teenstrydighede waarmee almal stoei. Soos dat dit minder hoop en vreugde bring om bymekaar te maak en op te gaar as om blymoedig weg te gee; om jouself te handhaaf en onkreukbaar voor te kom, is baie minder menslik as om gebroke, uitgelewer en leeg van jouself te wees.

Hierdie leesreis gaan dan uiteindelik oor geloof in Jesus Christus. En Stefanus en Paulus se lewe bied aan ons vele skakerings van kleure wat 'n deeltjie van die mosaïek van Jesus se koninkryk vir ons inkleur.

Prys: **R 90,79** (BTW en posgeld in RSA ingesluit). Beskikbaar einde April.

Ook in ons winkel....

'n Gelukkige kind... Pieter van Jaarsveld
Bemagtig jou kind om positief te dink
Jou kind word nie met 'n handboek gebore nie, en jy kry geen opleiding of kwalifikasies in kindgrootmaak nie. Dalk weet jy net jy wil nie jou kinders grootmaak soos jou ouers jou grootgemaak het nie, maar jy is ook nie seker wat die beste manier sal wees nie.
Baie ouers weet nie hoe belangrik hulle woorde en gedrag vir 'n kind se breinontwikkeling is nie. Hulle besef nie dat ons vandag met ons kennis van neurowetenskap, verstandelike intelligensie en emosionele intelligensie ons kinders kan grootmaak om wonderlike, gelukkige en positiewe mense te wees nie.

Pieter van Jaarsveld, 'n kenner op die gebied van emosionele intelligensie en positiewe denke, begelei jou deur goed begronde navorsing om jou kind se brein te verstaan en om jou kind se brein van vroeg af reg te bedraad met oefeninge en speletjies sodat jou kind 'n gelukkige, gebalanseerde en florerende grootmens kan word. Hy behandel ook belangrike kwessies soos hoe om empatie te ontwikkel en hoe om dissipline aan te pak

Die skrywer werk plaaslik en internasionaal as konsultant vir leierskapontwikkeling in die sakewêreld. Hy het twee meestersgrade (in Sielkunde en Teologie) en 'n doktorsgraad oor die selfdunk en eiewaarde van mense. Hy is 'n bekende gas op radio- en televisieprogramme.

Prys: **R 226,98** (BTW en posgeld in RSA ingesluit). Reeds beskikbaar.

Opwindende nuus van Bybel-Media musiek

Bybel-Media, in samewerking met die NG Sinode van die Wes-Kaap, nooi gemeentes uit om deel te word van die begin van 'n nuwe tradisie van massa-sangbyeenkomste wat op 8 September 2018 begin.

Die eerste jaarlikse "Dis Tyd om te Sing"-massakoorsaamtrek van die NG Kerk sal op 8 September 2018 om 19:00 plaasvind in die Kaapstadse Stadsaal onder begeleiding van die Kaapstadse Filharmoniese Orkes, 'n kontemporêre orkes en 'n pyporrel. 'n Massakoor van meer as 500 sangers (kore en sanggroepe van minstens 20 plaaslike gemeentes sowel as genooide kore) en meer as 1 000 gehoorlede sal van die bekendste en mooiste liedere uit ons kerk se liedereskat saamsing.

"Dit beloof om die hoogtepunt van 2018 te word"

Volgens ds Leon Venter, besturende direkteur van BybelMedia en die projekbestuurder, neem lede van die massakoor gratis deel. Daar is geleentheid vir 20 deelnemende gemeentes om elk 'n koorgroep van 20 lede saam te stel en voor te berei om aan die massakoor deel te neem. Deelnemende gemeentes sal elk 40 kaartjies kry om teen R200 per kaartjie aan gemeentelede te verkoop.

Gemeentes wat aan die “Dis Tyd om Sing”-projek wil deelneem, moet voor 17 Mei 2018 inskryf. Kontak ds Faani Engelbrecht by 083 856 1951 of musiek@bmedia.co.za vir meer besonderhede of ’n inskrywingsvorm. Vir ’n voorsmakie van wat beplan word, klik op hierdie skakel: https://www.youtube.com/watch?v=Ofp6rdAgRrY

Inligting, Navrae en Diensverskaffing:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 864 8210
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za
- Of koop met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.org.za , klik dan op winkel, óf tik die produknaam in.

Groete vanuit Wellington.

Strydom Bruwer
Bybel-Media
E-pos: strydom@bmedia.co.za
Tel: 021 864 8223

Terug

CLF-NUUS
Seisoene van Menswaardigheid pamfletreeks

In die Suid-Afrikaanse samelewing is daar verskeie individue en sosiale groeperings wat nie menswaardig behandel word nie. As Christene het ons ’n roeping ontvang om uit te reik na hierdie persone met die waardes van liefde, respek, luister en omgee. Daarom het Christelike Lektuurfonds hande gevat met die Seisoen van Menswaardigheid om ’n pamfletreeks te ontwikkel wat gemeentes en individue bemagtig om agente van verandering in hul gemeenskap te wees.

Die reeks bestaan uit die volgende ses pamflettemas:

- Die mens se rol in God se skeppingsverhaal
- Wanneer siekte langer saamstap
- Menswaardigheid vir alle rassegroepe – Rassisme
- Geslagsgelykheid
- Menswaardigheid en gestremdheid
- Armoede en rykdom

Die publikasies kan met vrug benut word deur gelowiges wat op soek is na Bybelse insig oor die onderwerp van menswaardigheid en wil erns maak met die toepas en uitleef daarvan.
Pamflette is in Afrikaans en Engels beskikbaar en kan gratis bestel word deur CLF te skakel by 021 873 6964, of stuur ’n e-pos na order@clf.co.za

Terug

Montana : Vakature
Vaste termynpos vir leraar (3 jaar)

Alle gelegitimeerdes van die NGKerk tussen die ouderdom 30 tot 40 jaar word genooi om aansoek te doen.

Gemeenteprofiel: Die NG Gemeente Montana is ‘n voorstedelike Gemeente in die noorde van Pretoria en deel van die Noordelike Sinode van die NG Kerk. Daar is tans ongeveer 4000 lidmate in die gemeente waarvan 1083 tussen die ouderdom van 25 en 50 jaar is. Die leraarspan bestaan uit 5 persone waarvan een tans ‘n vakature is.

Profiel en taakomskrywing van die kandidaat
*Tussen 30 en 40 jaar oud wees
*Passievol oor die Woordbediening
*Iemand wat strategies, doelgerig en innoverend binne spanverband kan werk
*Beskik oor tegnologiese en administratiewe vaardighede
*Van die kandidaat word verwag om te fokus op die Geloofsvorming van lidmate tussen die ouderdom 25 tot 50 jaar.
*Gesinsbediening sal die kern van hierdie bediening vorm
*Die inisiëring en bestuur van kleingroepe in die gemeente.

Vergoeding
Die totale koste van indiensneming (TKVI) is onderhandelbaar met die Gemeenteraad volgens die riglyne van die Noordelike Sinode.

Aansoeke
Belangstellendes kan ‘n aansoekvorm aanvra van gembes@ngmontana.co.za.
Let wel dat die **sluitingsdatum vir aansoeke** is **11 Mei** om 13:00. Voltooide aansoekvorms moet dus vóór hierdie spertyd ontvang word.

Navrae: Ds Johan Scholtz (082 641 5983) of Gemeenteraad Voorsitter, Herman Taljaard (083 449 6900).

Die Gemeenteraad behou die reg voor om nie ‘n aanstelling te maak uit die beskikbare aansoeke nie.

Terug